NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2018

GASVRYHEIDSTUDIES

Tyd: 3 uur | 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig deur en maak seker dat jy dit uitvoer.
3. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.
4. Laat reëls oop tussen elke antwoord en begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Trek tabelle wanneer jy gevra word om jou antwoorde te tabuleer.
6. Sakrekenaars mag gebruik word.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

IEB Copyright © 2018

AFDELING A

VRAAG 1 MEERKEUSIGE VRAE

Antwoord die VRAE op die meervoudige keusevrae Antwoordblad op die binnekant van die voorblad van jou Antwoordboek. Maak 'n kruis (X) in die blokkie wat ooreenstem met die letter wat jy beskou as die korrekte een.

1.1 Die … -stelsel is 'n sentrale stelsel wat restaurantpersoneel help om hul daaglikse take te voltooi, bv. kos- en drankbestellings.

A betaalpunt
B kombuisbestuur
C ontvangs
D administratiewe kantoor

1.2 Die … verifieer die akkuraatheid en volledigheid van gaste- en nie-gaste se rekeninge teen die departementele transaksiesverslae.

A besprekingsbeampte
B ontvangskassier
C nagouditeur
D operasionele ouditeur

1.3 Die mark-… is doelwitte wat die entrepreneur vir homself stel.

A doelstellings
B magte
C segmentasie
D mengsel

1.4 … is 'n voorbeeld van 'n nie-inkomstegenererende gebied.

A Kamerbediening
B Sekuriteit
C Wassery
D Kroeë

1.5 Instellings met lisensies vir drankgebruik op die perseel word toegelaat om …

A drank tydens 'n gewone ete te bedien.
B gaste toe te laat om oop bottels van hul persele te verwyder.
C drank sonder 'n gewone ete te bedien.
D drank aan gaste te verkoop om in hul kamers te verbruik.

1.6 Spyskaartontwikkeling verwys na data oor …

A bedieningsmetodes, kleur en verskeidenheid van kos.
B spyskaart en voedingswaarde van bestanddele.
C verkoopsvolumes, koste en wins van elke dis op die spyskaart.
D dieetbehoeftes, formaat en uitleg.

IEB Copyright © 2018

1.7 'n Eienskap van 'n formele aandete:

A 'n minimum van vyftig tot eenhonderd gaste.
B 'n eremaaltyd.
C gebruik vir ontbyt, middagetes en aandetes.
D vir kleiner groepe mense gehou.

1.8 'n Eienskap van 'n banketspyskaart:

A kan bestaan uit vyf, agt, nege of twaalf gange.
B aanbieding is eenvoudig en bedieningstyl informeel.
C aanbieding is oordadig en bedieningstyl is formeel.
D slegs saans bedien.

1.9 Klein southappie-versnaperings wat uit 'n basis, bolaag en garnering bestaan, word ... genoem.

A boucheés
B canapés
C barquettes
D croûtons

1.10 … is verskillende soorte rou groente wat saam met 'n doopsous op 'n bord bedien word.

A Crudités
B Canapés
C Croûtes
D Croûtons

[10]

VRAAG 2 PAS DIE KOLOMME

Pas die **deegproduk** in **Kolom B** en die **eienskappe** in **Kolom C by die soort deeg in Kolom A**. Skryf slegs die nommer, letter en Romeinse letter in jou Antwoordboek neer.

Voorbeeld: 2.6 J xi.

Kolom A Soort deeg		**Kolom B Deegproduk**		**Kolom C Eienskappe**	
2.1	Choux	A	Samoesas	i	Klein met geen gaatjie.
2.2	Fillodeeg	B	Mille feuilles	ii	Krummelrige tekstuur.
2.3	Broskors	C	Rumaki	iii	Delikaat met ligte skilferige lagies.
2.4	Purrdeeg	D	Beignets	iv	Dik, taai kors.
2.5	Skilferkors	E	Quiche	v	Gemaak van meel en water.
		F	Brochettes	vi	Gemaak van meel, water en eiers.
		G	Baklava	vii	Bros met 'n gaatjie.
		H	Fritots	viii	Dun, bros, skilferige kors.

[10]

VRAAG 3

3.1 Kies VIER veilige aankooppraktyke vanuit die onderstaande lys waaraan voldoen moet word wanneer aanlynaankope gedoen word. Skryf slegs die letters langs die vraagnommer neer.

A Klik op enige moontlike hiperskakel (*hyperlink*).
B Gebruik die mees onlangse weergawe van jou webblaaier (*browser*).
C Gebruik altyd 'n veilige webblaaier.
D Doen besigheid met 'n groot verskeidenheid besighede.
E Aankope moet met 'n kredietkaart gedoon word.
F Gebruik die oudste en betroubaarste webblaaier.
G Maak seker dat jy op die korrekte webwerf is. (4)

3.2 In elk van die volgende, kies die een wat NIE PAS NIE en verskaf 'n rede vir jou keuse.

3.2.1 Verkoeling / Sterilisasie / Pasteurisasie (2)

3.2.2 Tofu / Tatins / Tempeh (2)

3.2.3 Brut / Demi-Sec / Charmat (2)

[10]

30 punte

IEB Copyright © 2018

AFDELING B

VRAAG 4

Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

4.1

Die grootste kitskosfranchises in Suid-Afrika in 2017

Kitskos franchise-groei in Suid-Afrika het die afgelope jaar afgeneem, met die totale jaarlikse afname in die aantal kettings van oor die **4 841 winkels in Mei 2016** tot ongeveer **4 780 winkels in Mei 2017**.

KFC neem steeds die voortou as Suid-Afrika se gunsteling kitskoshandelsmerk, met **840 winkels** dwarsoor die land. **Steers** beklee steeds die tweede plek met **542 winkels**, terwyl **Wimpy en Debonairs** wedywer vir die derde plek met **492** en **473** winkels onderskeidelik.

Suid-Afrika se nuwe kitskos- en fyngebakspelers het hul uitbreiding in die land voortgesit, met **Starbucks** wat nou **vier** winkels **geopen** het, **Krispy Kreme** verdubbel tot **agt**, en **Dunkin Donuts** en **Baskin Robbins** met ses afsetpunte in die Wes-Kaap as hul beginpunt.

[Aangepas: <https://businesstech.co.za/news/lifestyle/173585/the-biggest-fast-food-franchises-in-south-africa-in-2017>]

4.1.1 Verduidelik die term "franchise". (2)

4.1.2 Identifiseer TWEE persoonlikheidseienskappe wat nodig is vir iemand wat 'n franchise wil begin. (2)

4.1.3 Beskryf wat bedoel word met 'n volhoubare besigheid. (3)

4.1.4 Verduidelik hoekom jy dink dat die kitskos franchisegroei in Suid-Afrika "van oor die 4 841 winkels in Mei 2016 tot ongeveer 4 780 winkels in Mei 2017" verminder het. (2)

4.2 Bestudeer die volgende advertensies en beantwoord die vrae wat daarop volg:

[Aangepas: <https://www.google.co.za/search/kfc>
<https://www.google.co.za/searchsteers+advertisement+family+meal>]

4.2.1 Identifiseer die teikenmark vir elkeen van die advertensies. (2)

4.2.2 Evalueer die doeltreffendheid van die geskrewe inligting op elke advertensie. (4)

4.3 Stel 'n gedetailleerde breinkaart op om al die noodsaaklike inligting vir 'n besigheidsplan aan te toon. (15)

[30]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die onderstaande bestanddelelys vir Kreme Oliebolle en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Kreme Oliebolresep

Tyd: 2 uur 30 min
Lewer: 24 Oliebolle

<u>Bestanddele vir oliebolle</u>

15 g suurdeeg
60 ml water
355 ml louwarm melk
120 ml suiker
5 ml sout
2 eiers
120 ml smeer
1 180 ml koekmeel
Canola-olie

[Bron: <https://www.google.co.za/search/krispykremedoughnut>]

5.1.1 Skakel die volgende bestanddele van milliliters na gram toe om.

120 ml suiker
120 ml smeer
1180 ml koekmeel

Gebruik die omskakelingstabel hieronder. Toon al jou berekenings.

Bestanddele	Omskakeling	Eenheid gekoop	Prys per Eenheid	
250 ml suiker	200 g	2 kg	R41,99	(2)
250 ml smeer	230 g	500 g	R42,00	(2)
250 ml meel	120 g	2,5 kg	R30,99	(2)

5.1.2 Gebruik die berekende omskakeling (Vraag 5.1.1) en bereken die prys vir elke bestanddeel. (6)

5.2 Gebruik die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Bestanddele van die hele resep: R78,90
Een sjef @ R100 per uur
Oorhoofse koste @ R25,00

Bereken die verkoopprys van een oliebol as jy 50% netto-wins wil maak. (3)

5.3 5.3.1 Onderskei tussen 'n skemerkelkiefunksie en 'n vingerete. (4)

5.3.2 Wat is 'n "skemerkelkie dînatoire". (1)

[20]

VRAAG 6

6.1 Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

KFC reageer, winkel tot verdere kennisgewing gesluit nadat hoender op vloer gewas is

08 Mei 2015 – 17:09 deur Bernice Maune

Twee afbeeldings van heel, ongekookte hoender wat oënskynlik deur **KFC-personeel** op 'n **kaal, vuil bruin vloer** gewas word, is onlangs vinnig en wyd versprei.

In die twee afbeeldings kan gesien word hoe mans **met 'n tuinslang groot hoeveelhede water** oor hoender spuit wat op die vloer lê. Die ongekookte pluimveestukke is in een afbeelding in emmers, met bloed en water wat oor die grond spoel. Die agtergrond lyk na 'n pakhuis waar KFC-aflewerings gestoor word.

Die kitskoswinkel is tot verdere kennisgewing gesluit terwyl KFC ondersoek instel.

[Bron: <https://www.timeslive.co.za/news/south-africa/2015-05-08-kfc>]

6.1.1 Skryf die afkorting BGV volledig uit. (1)

6.1.2 Gee VIER maatreëls wat deur alle personeel geïmplementeer kan word om swak higiënestandaarde te verbeter. (4)

6.1.3 "Die kitskoswinkel is tot verdere kennisgewing gesluit."

Maak 'n lys van VYF moontlike strafmaatreëls wat KFC in die gesig kan staar as hulle nie aan die BGV voldoen nie. (5)

6.2 6.2.1 Tuberkulose (TB) en Menslike Immuniteitsgebrekvirus (MIV) is onderling verwant.

Verduidelik hierdie stelling in 'n kort paragraaf. (4)

6.2.2 Evalueer die akkuraatheid van die volgende stelling:

'n MIV-positiewe personeellid wat voedsel voorberei, hou nie 'n gesondheidsrisiko in vir enige gas wat kos ontvang nie, maar 'n personeellid met TB mag nie in 'n kombuis werk nie.

(6)
[20]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 7

7.1 Bestudeer die illustrasie van die onderstaande beeskarkas en beantwoord die vrae wat volg:



[Bron: <https://www.google.co.za/search?q=beef+carcass+cutsa>]

7.1.1 Benoem die volgende vleissnitte:

(a) 14
(b) 12
(c) 6
(d) 2 (4)

7.1.2 Kies uit die snitte die nommer wat gebruik word om burgerfrikadelle (*patties*) te maak. (1)

7.2 7.2.1 Noem en beskryf die proses wat plaasvind wanneer vleis in beskadigde verpakking in die vrieskas gestoor word. (3)

7.2.2 Verduidelik die korrekte metode om die burgerfrikadelle te ontvries/ontdooi en verduidelik waarom dit nodig is. (2)

7.3 Maak 'n lys van DRIE voordele vir die gebruik van gemaalde soja vir die burgerfrikadelle. (3)

7.4 Verskaf DRIE redes hoekom mense verkies om 'n vegetariese leefstyl na te volg. (3)

7.5 Beskryf die volgende vegetariese produkte:

7.5.1 Miso (2)

7.5.2 Hummus (2)

[20]

VRAAG 8

Oorweeg die onderstaande nageregte op Mugg & Bean se spyskaart en beantwoord die vrae wat daarop volg.

(A) Suurlemoen Meringue	(B) Sjokolademousse	(C) Crème Karamel

[Bron: <https:www.google.co.za/desserts/midstream/muggandbean>]

8.1 Klassifiseer die nageregte. Skryf slegs die letter en klassifikasie neer. (3)

8.2 Bespreek TWEE faktore wat die skuimvermoë van die eierwit sal beïnvloed wanneer die meringue voorberei word. (2)

8.3 Onderskei tussen 'n sjokolademousse, Beierse room en chiffon, met verwysing na die gebruik van eiers. (3)

8.4 Crème brûlèe en crème karamel is soortgelyk. Wat is die hoofverskil? (2)

8.5 Beskryf kortliks die drie-fase proses van die gebruik van poeier- of korrelgelatien in die voorbereiding van sjokolademousse. (6)

8.6 Skilferkorsdeeg word gebruik vir die dop van die suurlemoen meringue. Verduidelik die volgende prosesse wat gebruik word wanneer hierdie dop voorberei word.

8.6.1 Prik ("Docking") (2)

8.6.2 Blindbak (2)

[20]

IEB Copyright © 2018

VRAAG 9

9.1 Benoem die klassifikasie van wyn wat betrekking het op die onderstaande beskrywing.

A Alkohol word gefiltreer; minder as 1% bly oor.
B Koolstofdioksiedborrels word in die wyn ingespuit.
C Druiwe gefermenteer en niks word bygevoeg nie.
D Spiritualieë word by wyn gevoeg om die fermentasieproses te beëindig. (4)

9.2 Beskryf kortliks die volgende prosesse wat betrokke is by die maak van wyn:

9.2.1 Pars (2)

9.2.2 Fermentasie (3)

9.3 Noem die belangrikheid van die onderstaande inligting wat op 'n wynetiket verskyn:

9.3.1 Kultivar (2)

9.3.2 Oesjaar (2)

9.3.3 Produsent (2)

9.3.4 Egtheidseël (2)

9.3.5 Geurbeskrywing op die etiket agterop (2)

9.4 Gee die volume van 'n "sopie". (1)

[20]

VRAAG 10

10.1 Gee VIER voordele van voedselpreservering. (4)

10.2 Noem die bestanddeel in lemoene wat tot die jellieagtige tekstuur tydens konfytmakery sal bydra. (1)

10.3 Noem die natuurlike preserveermiddel wat in die voorbereiding van konfyt gebruik word. (1)

10.4 Maak 'n lys van VIER spesifikasies wat oorweeg moet word wanneer die regte houer vir die bottelering van konfyt gekies moet word. (4)

[10]

VRAAG 11

11.1 Voedselbedieningpersoneel moet professioneel lyk.

Beskryf hoe dit bereik kan word. (3)

11.2 Bestudeer die onderstaande plekdekking en beantwoord die vrae wat daarop volg:



[Bron: <https://www.google.co.za/table/setting>]

(a) Identifiseer die soort spyskaart wat aangebied word. Motiveer jou keuse. (2)

(b) Voorspel die korrekte volgorde van die gange wat bedien sal word. (5)

[10]

150 punte

IEB Copyright © 2018

AFDELING C

VRAAG 12

Oorweeg die volgende stellings:

KITSKOS – Die rede vir gesondheidskwessies!

KITSKOS – Die beheerbare voedselbron vir die moderne persoon

Gebruik Bronne A–D wat hieronder voorsien word, asook jou eie kennis en bespreek jou opinie betreffende bogenoemde stellings, in die vorm van 'n 1-1½ bladsy opstel.

Om die vraag te beantwoord, word daar van jou verwag om:

- 'n Argument te formuleer wat jou uitgangspunt/opinie oortuigend ondersteun.
- Ondersoek die bronne deeglik en gebruik die inligting in die bronne om jou opinie/standpunt die beste te ontwikkel.
- Kombineer jou eie kennis en ervaring in jou opinie/standpunt.

BRON A SUID-AFRIKA SE KITSKOSETES VIR KINDERS VAN DIE ONGESONDSTE TER WÊRELD

KFC Suid-Afrika se kinder-hoenderburger het een van die hoogste soutinhoude in die wêreld, en bevat 2,91 gram sout in 'n enkele ete – meer as die helfte van die daaglikse aanbevole soutinname van 'n volwassene.

Die studie het bevind dat kommerwekkende hoeveelhede sout deur gewilde kitskoskettings aan kinders bedien word – met 82% (134 van 163) etes wat meer as 1 g sout bevat.

Top 5 mees soutbelaaide kinderetes

#	Ete	Land	Sout per ete (gram)
1	KFC Popcorn Nuggets Kinderete	Costa Rica	5,34
2	Burger King Kaasburger	Colombië	4,82
3	McDonald's Mc Crispy Hoender	Costa Rica	4,81
4	KFC Popcorn Nuggets Kinderete	Verenigde State	4,28
5	KFC Hoender Kleuterete	Verenigde State	4,23

"Alle kinders, ongeag waarvandaan hulle kom, behoort soms te kan uiteet as 'n bederfie, sonder om hul gesondheid in gevaar te stel."

[Bron: <https://businesstech.co.za/news/lifestyle/96199/south-african-fast-food-meals-for-kids-among-the-most-unhealthy-in-the-world/>]

BRON B SA SE KINDERS EET TE VEEL GEMORSKOS, VOLGENS DISCOVERY

25 Mei 2017 – 05:01 Tamar Kahn

Suid-Afrikaanse kinders eet te veel gemorskos, bring te veel tyd voor skerms deur en kry nie genoeg oefening nie, wat hulle later in die lewe aan 'n klomp lewensbedreigende siektes blootstel, volgens 'n studie wat Discovery Health Woensdag bekend gemaak het.

Die regering het 'n gesonde beleid ingestel om kinders se voeding te verbeter, soos belasting op suikerversoete drankies, maar volgens Lambert kan ouers, skole en gemeenskappe veel meer doen.

Baie kinders se diëte het nie voedingstofdiversiteit nie, en is dikwels swaar in goedkoop koolhidrate en laag in vrugte en groente, word berig.

[Bron: <https://www.businesslive.co.za/bd/nasionale/health/2017-05-25-sas-children-eat-too-much-junk-food-says-discovery/>]

BRON C KITSKOS: DIE GESONDE KEUSES

21 April 2014

Wegneemetes word blameer vir vetsug en diabetes – maar daar is sommige wat jy kan eet sonder om jou te bekommer.

Kitskos is oor die algemeen 'n ongebalanseerde manier van eet. Die meeste mense kies brood, skyfies, pizza, geprosesseerde vleis, kaas en gebraaide produkte, volgens Aginsky. Dit neig om laag in vesel en hoog in sout te wees, wat die risiko van hoë bloeddruk, hartkwale, diabetes, kanker en beroerte verhoog.

Beperk kitskos tot een keer per week of een keer elke twee weke – kies dan 'n gesonde maaltyd.

Hoë kilojoule-, vet- en soutinhoud maak 'n kitskosete ongesond. Jy word baie dors weens die hoë soutinhoud van kitskosse, en dit is hoekom jy geneig is om soet koeldranke daarmee saam te drink.

[Bron: <https://www.news24.com/You/Archive/fast-food-the-healthy-choices-20170728-2>]

IEB Copyright © 2018

BRON D DIE GESONDSTE KITSKOSETES IN SUID-AFRIKA

Byna elke kitskosketting, van McDonald's tot KFC, bied gesonde ete-opsies op hul spyskaarte aan, en kan die daaglikse vereiste kilojoule-inname van 'n volwassene met minstens 22% beperk.

McDonald's: Bestel een enkele McDonald's biefburger – teen 1,092 kJ per burger. Dit is die gesondste wat beskikbaar is, solank jy niks daarmee saam eet nie.

Nando's: Het die Vitality-ete bekendgestel, wat so vullend is as wat dit maer is. Dit bestaan uit 'n geroosterde hoenderborsie, gebraaide mielie en 'n standaard Portugese slaai.

Steers: Hoender is die beste keuse. Terwyl die tuiste van die King Steer Burger kleiner "Get Real" burger-opsies beskikbaar het, word hierdie burgers in kinderetes gebruik, dus het ons die standaard burgers gekies.

Debonairs: Die gesondste pizza by Debonairs is die "ware jakob" (klein) vegetariese pizza. Nie sleg vir die franchise wat Suid-Afrika se ete-vir-een met die meeste kalorieë bied nie.

Burger King: Burger King se gesondste opsie is ook 'n hoendervariëteit – die Tendergrill hoenderburger.

KFC: Bekend vir sy vetterige diepgebraaide hoenderlekkerte, dra KFC die gesonde eter op die hart. 'n Geroosterde hoenderburger.

Wimpy: Die gesondste "ete" op die Wimpy-spyskaart is 'n Griekse slaai. Maar omdat ons slaaie uitsluit, is die geroosterde hoendermayonnaise wrap die gesondste opsie. 'n Geroosterde ham, kaas en tamatie een is eintlik gesonder, maar dit sluit 'n vol porsie skyfies (meer as 1,800 kJ) in.

Roman's Pizza: Die vegetariese pizza-opsie is die gesondste by hierdie franchise. Roman's se klein vegetariese pizza is die swaarste "gesonde" ete uit die genoemde franchises.

[Bron: <https://businesstech.co.za/news/lifestyle/100574/the-healthiest-fast-food-meals-in-south-africa/>]

Rubriek om Afdeling C Vraag 12 na te sien

	0–1 punte	2 punte	3 punte	4 punte	Punt toegeken
Gebruik van bronne	Maak oppervlakkige verwysing na een of meer bronne.	Maak ŉ paar toepaslike verwysings na bronne.	Menigte en toepaslike verwysing na bronne gemaak.	Maak volledige gebruik van bronne.	**4**
Gebruik van eie kennis	Sommige feite buite die bronne gegee om argument te ondersteun.	Sommige relevante feite buite die bronne gegee om argument te ondersteun. EN By die argument geïntegreer.	Baie relevante feite buite die bronne gegee om argument te ondersteun.	Baie relevante feite buite die bronne gegee om argument te ondersteun. EN Goed by die argument geïntegreer.	**4**
Toepaslikheid van inligting	Opstel handel nie oor die stellings betreffende kitskos nie.	Bespreek kitskos, maar oppervlakkige/geen verwysing na gesondheids-implikasies nie.	Bespreek stellings wat na bestanddele van kitskos, gesondheids-implikasies en voorbeelde verwys.	Bespreek stellings deeglik wat na bestanddele van kitskos en 'n reeks gesondheids-implikasies (siektes en allergieë) verwys en gee relevante voorbeelde.	**4**
Kwaliteit van argument/ besluit	Skryfwerk bestaan uit feite met min skakeling of redenering.	Redenering korrek maar moeilik om te volg. Bietjie skakeling sigbaar.	Ondersteun die posisie. Redenering is duidelik. Geringe foute in vloei. Skakeling is soms afwesig.	Ondersteun 'n duidelike posisie sterk. Redenering is baie duidelik en bondig. Vloei is logies en toon duidelike begrip.	**4**
Billikheid, d.w.s argument teen	Een teenargument gegee.	Ten minste twee teenargumente gegee.			**2**
Aanbieding	Toon is konsekwent. Goeie en toepaslike taal. Meestal gepaste paragrafering. Inleiding en gevolgtrekking het meriete.	Toon volwasse. Uitstekende en gepaste gebruik van taal. Korrekte paragrafering met goeie oorgange. Interessante inleiding, bevredigende gevolgtrekking.			**2**

20 punte

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2018